

7 April

Johannes 21:19-25, (Teks: 21:19)

Die aard van alle aktiwiteit

Na die herkenning van Jesus as die Here en as Bron van alle aktiwiteit en na ons liefdesoorgawe aan Hom, bring Hy ons tot die groot aksie van navolging: "Volg My".

Navolging van Jesus as die Here is eerstens om die Groot Herder se voetspore na te volg en vir mekaar herders te wees. Dit is 'n omvangryke opdrag wat in die lig van Jesus se opdrag nie net lammers en skape insluit nie, maar selfs skape wat nog buite die kraal is (Joh. 10:26). Ons moet almal in dieselfde liefde help om hulle nood, hulle motiewe en teleurstellings te ontdek. Navolging beteken dat ons hande gebind is en dat ons telkens sal vra: Here, wat wil U hê moet ons doen? Petrus was gewoon om te gaan waar hy wil en te doen wat hy wil, maar na sy liefdesoorgawe is sy oë nie meer op homself gerig nie maar op Jesus. Daarom is navolging selfverloëning. Jy gee jouself en jou selfgerigtheid uit liefde vir die Here vrywillig weg. Jy luister so fyn na sy stem om Hom te volg dat jy nie net bereid is om vir Hom te sterf nie, maar in omstandighede waar chaos heers juis vir Hom te lewe. Jy vra elke dag: Wat verwag U van my?

Verwag u die Here se verskyning vandag in u lewe? Is u voorbereid om uself in liefde aan Hom oor te gee en vandag net vir Hom te lewe? Gaan jou aktiwiteit vir ander 'n teken wees van sy teenwoordigheid in jou lewe?

Sing: Skrifberyming 33:3Ds. M.E. Schalekamp (Potchefstroom-Moorivier)